**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 25 SEPTEMBER 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van MPAC (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. M Crous | : | Direkteur Finansiële Dienste *(waarnemend)* |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste *(sluit om 12:30 aan)* |
| Me. A Lawrence | : | Hoof: Behuisingsadministrasie |
| Mnr. M Mseleni | : | Interne Ouditeur |
| Mev. RC Gerber | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN035/09/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna Raadslid Moolman die vergadering open met gebed.

***

**BKN036/09/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Finansiële Dienste - vakansieverlof

***

**BKN037/09/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN038/09/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN039/09/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN040/09/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN041/09/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item in.

Die Munisipale Bestuurder meld een nuwe aangeleentheid, naamlik 'n verwysingsnavraag ontvang vanaf die Son koerant. Dat die Direkteur Finansiële Dienste tans besig is met 'n ondersoek.

Die Voorsitter versoek dat in die toekoms die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester in kennis gestel word van beskadiging van eiendom en van verliese met betrekking tot munisipale eiendom. Dat amptenare verantwoordelikheid aanvaar en munisipale eiendom hanteer soos hul eie.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN042/09/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter lei die item in.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Sy wens die Interne Ouditeur en sy gesin baie geluk met die geboorte van sy baba.

Die Voorsitter spreek die Protefeulje Voorsitters toe. Die volgende kwessies word uitgelig:

- Hy spreek sy kommer uit oor die vinnige agteruitgaan van die onderskeie dorpe in die munisipale gebied;
- Hy spreek sy kommer uit dat die Raad en die Administrasie nie saamwerk nie;
- Oorgroeide openbare ruimtes;
- Potgate wat nie aandag kry nie;
- Die toestand van speelparke;
- Watsonia sportgronde wat onveilig is;
- Dat die Redelinghuys klubhuis se dak nog nie herstel is nie;
- Dat die swembad op Rhinopark se dak nog nie herstel is nie;
- Dat voorafbetaalde krag verkoop word sonder ’n geldige kontrak met ’n diensverskaffer;
- Dat aandag geskenk word aan potgate;
- Sigwater in Gousblomstraat;
- Die toestand van Wyk 4 en 6;
- Die toestand van die interseksies in Wyk 3 (potgate);
- Die gebrek aan instandhouding van geboue by die onderskeie sportgronde;
- Amptenare wat in werksure dorp toe gaan of vroeg huistoe gaan;
- Dat buite werkers eers na 08:00 soggens van die store of kantore af uitgaan;
- Die toestand van die rioolstasie by Admiral Island; en
- Dat daar op Maandag 23 September 2024 geen Direkteur of die Munisipale Bestuurder beskikbaar by die werk was nie.

Die Voorsitter doen ’n beroep aan die Portefeulje Voorsitters om saam te werk om uitdagings aan te spreek.

***

**BKN043/09/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN044/09/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN045/09/2024**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFBEGROTING**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN046/09/2024**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: ELECTRICITY PREPAID VENDORS**
**5/15/2**

***(Die item word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Voorsitter lei die item in. Hy spreek sy kommer uit dat daar voorafbetaalde krag verkoop word sonder ’n geldige kontrak met ‘n diensverskaffer.

Die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste neem die Komiteelede deur die verslag.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN047/09/2024**
**INVITATION TO RECEIVE AN AWARD OF RECOGNITION AT GOOD GOVERNANCE AFRICA'S 10TH ANNIVERSARY CELEBRATION**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Speaker en die Direkteur Tegniese Dienste afgevaardig word om die toekenning namens Bergrivier Munisipale te ontvang op Woensdag 02 Oktober 2024 in Johannesburg.

***

**BKN048/09/2024**
**KONDONERING VAN TOESTEMMING VERLEEN DAT BESTUURDER: UITGAWES KAN WAARNEEM AS MUNISIPALE BESTUURDER VIR EEN DAG OP 23 SEPTEMBER 2024**
**4/5/2/6**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter versoek dat daar in die toekoms beplan word. Dat die Direksie nie almal dieselfde tyd op verlof is nie.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad dit goedkeur dat Mev. Nelmarie Bothma (Bestuurder: Uitgawes) se waarneming as Munisipale Bestuurder op 23 September 2024 gekondoneer word.

***

**BKN049/09/2024**
**MUNICIPAL REGULATIONS ON FINANCIAL MISCONDUCT PROCEDURES AND CRIMINAL PROCEEDINGS: APPOINTMENT OF DISCIPLINARY BOARD**

The Municipal Manager introduced the item.

Various inputs and comments were provided by the Committee regarding the members of the Disciplinary Committee, with specific reference to the replacement of the Manager: Administration and Legal Support Services with the Manager: Human Resource Services (paragraph 4, point 4).

**RESOLVED**

1. That the Executive Mayoral Committee appoint a disciplinary board for the Bergrivier Municipality consisting of the members mentioned in paragraph 4 above, for a period of 3 years from 01 October 2024 to the end of September 2027;
2. That the Executive Mayoral Committee appoint a member of the PRAC as Chairperson of this board;
3. That the process outlined in the Regulations and contained in Appendix 4 of the item be adopted as the procedures to be followed when allegations of misconduct against section 56 employees are received;
4. That the Municipal Manager be designated as the "Designated Official" in terms of sections 1 and 11 of the Regulations; and
5. That the Chairperson and Internal Auditor facilitate a workshop with the Executive Mayoral Committee, to discuss the framework for the Disciplinary Board.

***

**BKN050/09/2024**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: AUGUST 2024**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for August 2024.

***

***(Die Interne Ouditeur verlaat die vergadering om 10:31)***

**BKN051/09/2024**
**VOORSIENINGSKANAAL, VIREMENT, OORTYDSPANDERING EN KLIËNTEDIENSVERSLAG: 01 JULIE 2024 – 31 AUGUSTUS 2024**
**9/1/2**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item breedvoerig in. Hy doen 'n beroep aan die Wyksraadslede om gebruik te maak van die amptelike sentrale Kliëntediens stelsel en die onderskeie Kliëntediensbeamptes vir die aanmelding van klagtes.

Verskeie insette en kommentaar word gelwewer deur die Komiteelde.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag van die Direkteur Korporatiewe Dienste met betrekking tot vordering met Voorsieningsplan, kapitaalspandering, viremente, oortydspandering en kliëntdiensverslag.

***

**BKN052/09/2024**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**

Geen

***

**BKN053/09/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die amptenare verlaat die vergadering, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Munisipale Bestuurder, Direkteur Korporatiewe Dienste, Direkteur Gemeenskapsdienste, Bestuurder: Inkomste, Bestuurder (waarnemende Direkteur Finansiële Dienste), Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur, Hoof: Behuisingsadministrasie en Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voortsit)***

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:33*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

___________________________ ___________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***

***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)*****